
SEEK MY FACE

***Ps 27:1-14**. ‘‘n Psalm van Dawid. Die HERE is my **lig** en my **heil**: vir wie sou ek **vrees**? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek **vervaard** wees? As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet - my teëstanders en my vyande, ja, myne - struikel hulle self en val.*

Al word ‘n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan ‘n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.

Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek ***soek****: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.*

'The one thing I want from God, the thing I ***seek*** *most of all, is the privilege of meditating in His temple, living in His presence every day of my life, delighting in His incomparable perfections and glory.'*

Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots. En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent ***offerandes*** *offer saam met* ***trompetgeklank****; ek wil sing, ja,* ***psalmsing*** *tot eer van die HERE. Hoor, o HERE, ek* ***roep luid****; en wees my genadig en antwoord my.*

Van U sê my hart: ***Soek*** *my aangesig! Ek* ***soek*** *u aangesig, o HERE!*

'You have said, ***Seek My face****. My heart says to You, Your face Lord, will I seek.'*

*'My heart says of You, '**Seek His face!**' Your face, Lord, I will seek.'*

Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!

Want my vader en my moeder het my ***verlaat****, maar die HERE sal my aanneem. HERE, leer my u weg en lei my op ‘n gelyk pad, vanweë my vyande.*

*Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders nie, want **valse getuies** het teen my opgestaan, en hy wat geweld uitblaas. o, As ek nie **geglo** het dat ek die **goedheid** van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie….*

Wag *op die Here! Wees* ***sterk*** *en laat jou hart* ***sterk*** *wees! Ja,* ***wag*** *op die HERE!'*


SEEK MY FACE